

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMVRAAG, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Om leer by leerders te bewerkstellig, is dit nodig dat hulle effektief by die onderrigleergebeure betrokke moet wees. Fenstermacher (1986:38) en Steyn (1988:147) stel dat die interaksie wat tussen die onderriggewer en die leerder plaasvind een van die wesenstrekke van onderrig is. Hierdie interaksie hou in dat leerlinge onderling met mekaar asook met die onderriggewer moet kan kommunikeer.

Dit is duidelik dat kommunikasievrees, of die afwesigheid daarvan, die sukses van die kommunikasieproses en dus ook die onderrigleergebeure grootliks kan bepaal.

McCroskey (1977a:28 & 1978:192) definieer kommunikasievrees as die vrees wat 'n persoon ervaar in 'n werklike of geantisipeerde kommunikasiesituasie met een of meer persone. 'n Persoon met 'n hoë mate van kommunikasievrees sal kommunikasiesituasies sover as moontlik probeer vermy.

Leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees sal byvoorbeeld nie spontaan aan onderrigleergesprekke deelneem nie (Daly, 1986:21). Hierdie gebrek aan deelname sal leer bemoeilik en effektiewe onderrig kan nie plaasvind nie. Verskeie navorsers het reeds aangetoon dat 'n hoë mate van kommunikasievrees by leerlinge hul akademiese prestasie nadelig beïnvloed (Comandena & Prusank, 1988:270).

Na raadpleging van die literatuur is vasgestel dat daar nog geen navorsing gedoen is aangaande kommunikasievrees van Afrikaanssprekende leerlinge in die

onderrigleersituasie nie. Hierdie navorsing word onderneem om vas te stel tot watter mate kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge 'n negatiewe uitwerking op die skolastiese prestasie van sodanige leerlinge uitoefen.

Om bogenoemde probleem na behore na te vors sal die volgende probleemvrae ondersoek word:

1. Wat is die aard en omvang van kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge in verskillende tipe kommunikasiekontekste?
2. Wat is die verband tussen leerlinge se kommunikasievrees en
 - a) hul gemiddelde skolastiese prestasie en
 - b) hul prestasie in Afrikaans.

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel:

1.2.1 wat die aard en omvang van kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge is en

1.2.2 wat die moontlike verband tussen die genoemde leerlinge se kommunikasievrees en

- a) hul gemiddelde skolastiese prestasie asook
- b) hul prestasie in Afrikaans is.

1.3 METODES VAN NAVORSING

Die metode van navorsing het soos volg verloop:

1.3.1 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie is onderneem om as basis te dien vir die empiriese ondersoek. Inligting aangaande kommunikasie in die algemeen, klaskamerkommunikasie en kommunikasievrees is ingewin, bestudeer en geëvalueer.

Tydskrifartikels en navorsingsverslae is deur middel van DIALOG-soektogte uit die ERIC-databasis opgespoor.

1.3.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

1.3.2.1 Navorsingsontwerp

Daar is van 'n ex post facto-ontwerp gebruik gemaak. Vraelyste wat hul kommunikasievrees meet is deur leerlinge van Afrikaanse hoërskole in Potchefstroom ingevul. Die leerlinge se persentasie kommunikasievrees is met hul akademiese prestasie in Afrikaans en hul gemiddelde skolastiese prestasie vir al hul vakke vergelyk.

1.3.2.2 Populasie

'n Verteenwoordigende steekproef is by wyse van gestratifiseerde ewekansige tros streekproefneming geneem uit die vier Afrikaanse sekondêre skole in Potchefstroom.

1.3.2.3 Veranderlikes

Die veranderlikes wat ter sprake was in hierdie navorsing is:

- Kommunikasievrees as onafhanklike veranderlike
- Geslag en standerd as kontrole veranderlikes en
- Prestasie in Afrikaans asook die gemiddelde prestasie in al die leerling

se skoolvakke as afhanklike veranderlikes.

1.3.2.4 Meetinstrument

- Biografiese vraelys
- McCroskey (1978:192) se vraelys aangaande kommunikasievrees wat bekend staan as die PRCA (Personal Report of Communication Apprehension) word algemeen gebruik omdat dit oor 'n hoë mate van betroubaarheid en geldigheid beskik.

Hierdie vraelys is vertaal en 'n ietwat aangepas om ook die vrees vir klaskamerkommunikasie van die leerlinge te bepaal (Vergelyk paragraaf 4.3.2.1).

1.3.2.5 Statistiese verwerking

Die inligting wat met behulp van die vraelys ingesamel is, is deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk. Beskrywende statistiek met t-toetse en effekgrootte as tegnieke is in die navorsing gebruik.

1.4 PROGRAM VAN NAVORSING

Die leerlinge het die vraelys slegs eenmaal (in September 1994) ingevul. Die inligting wat met die vraelys verkry is, is met behulp van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk. Die leerlinge se vlakke van kommunikasievrees is bepaal en sekere bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak.